# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

9 April 2020

## OMSENDBRIEF 8/2020
## NAGMAAL TYDENS DIE GRENDELSTAAT

**Aan alle leraars en voorsitters van kerkrade**

Geagte broeders,

Ek het vanuit vele oorde navrae ontvang rondom bestaande sinodebesluite oor die moontlike bediening van nagmaal gedurende hierdie tyd van afsondering. Daar was ook talle sulke navrae aan ds. Willem van Schalkwyk wat die voorsitter van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake is.

In terme van die "Algemene bepalings by die lasgewing aan permanente sinodale kommissies, A3.1 en 3.2" (*Kerkorde 2018*, bl. 165) word u aandag daarop gevestig dat daar nie 'n besluit deur 'n sinode oor hierdie spesifieke situasie geneem is nie. Daar is egter wel bestaande adviese en sinodebesluite rondom nagmaalsviering buite die normale erediens en ook voorbeelde vanuit die kerkgeskiedenis wat aan ons 'n riglyn bied vir hierdie tyd en waarvolgens hierdie advies dan opgestel is en versprei word.

Let ons eerstens op wat die kerke in ons kerkverband tydens sinodes met mekaar ooreengekom het rakende die nagmaal, blyk dit dat ŉ aantal besprekings daaroor gevoer is. Tydens die Sinode van 1993 het ŉ beskrywingspunt oor privaatnagmaalbediening oorgestaan tot die volgende sinode. Tydens die Sinode van 1995 is daar besluit dat die nagmaal net tydens eredienste gevier mag word en dus nie tuis of in inrigtings aan belydende lidmate wat as gevolg van permanente gestremdheid of siekte nie meer die gemeentelike byeenkomste kan bywoon nie, bedien kan word nie.

Gedurende 2012 het die Kommissie vir Kerkregtelike Sake advies gegee oor die bediening van nagmaal oor die internet aan gemeentes wat nie ŉ leraar het nie en wat as reël oor die internet inskakel by die uitsendings van ander gemeentes se eredienste. Die Kommissie se aanbeveling was dat dit op grond van die wese van die nagmaal as gemeenskapsmaaltyd, die toesighouding

van die ouderlinge en die gelykheid van die sakramente nie gedoen moet word nie, aangesien die heiligheid van die sakrament in gedrang gebring word.

Neem byvoorbeeld die saak van toesighouding. Hoe moet die ouderlingeraad hulle verantwoordelikheid voor die Here nakom en toesig hou oor die nagmaal as elkeen dit in sy eie huis gebruik? Hulle is tog nie in elke huis teenwoordig nie. Soveel te meer met opnames wat oor die Internet versprei word en op enige plek en deur enige iemand in die wêreld gekyk word.

Wat betref die gelykheid van die sakramente, wanneer wil mense dan dieselfde met die doop doen? Die sakrament kom uit die hand van die bedienaar van die Woord, hy is geroep om Woord en sakrament te bedien. Hy gooi die water op die kindjie se kop, hy breek die brood en skink die wyn en deel dit uit. Indien ons begin om sakramente tuis te bedien, al is die omstandighede hoe uniek, is die vraag steeds wie bedien dit nou werklik? Die leraar kan steeds die instellingswoorde gebruik, maar wie se hand gooi die water en breek die brood?

By die Sinode van 2013 het die vraag toe ter sprake gekom tydens die bespreking van die bediening aan kleiner en afgeleë gemeentes en virtuele nagmaalsbediening is van die hand gewys en het dit nie eers ŉ voorstel geword waaroor gestem moes word nie.

Onder die Reformatore was daar verskillende standpunte oor die sakramente, spesifiek die nagmaal. Melanchton het die bediening aan siekes tuis toegelaat mits die hele familie teenwoordig was. Luther het dit egter summier verwerp. Bullinger en Beza was van oordeel dat die nagmaal nie buite die gewone erediens bedien kan word nie. Dit was ook die standpunt van die Gereformeerde kerke in Nederland. Die Sinode van Middelburg (1581) het besluit dat die enigste manier waarop die sakramente bedien kan word is "*in die algemeene verzameling, ter plaatse waar die gemeente gewoonlijk saamkomt.*" Ook die bekende Voetius en die Sinode van Dordrecth 1618-1619 handhaaf hierdie standpunt as daar besluit word: "*De bediening des Avondsmaals zal alleen geschieden, waar toezicht is van Ouderlingen, volgens kerklijke orde, en in een openlijke orde, en in een openlijke samekomst der gemeente.*"

Een van die kern aspekte waarop almal telkens gewys het, was die feit dat die wese van die nagmaal as ŉ gemeenskapsmaaltyd vir die hele gemeente (1 Kor. 10:16-17) wat onder toesig van die ouderlinge in ŉ openbare samekoms van die hele gemeente moet geskied (1 Kor. 11:20-21), in gedrang gebring word. Ontbering van die nagmaal weens omstandighede buite jou beheer is nie sonde nie, maar die veragting en ontheiliging van die Here se voorskrifte vir sy tafel is wel.

Wanneer gelowiges in hierdie dae van inperking in hulle huise voor die rekenaar of TV stil word om die Here te aanbid met die hulp van ŉ regstreekse uitsending of opname van ŉ volle liturgie, is dit steeds nie ŉ erediens nie. Onder erediens verstaan ons die openbare samekoms van die gelowiges wat, onder leiding van die besondere ampte, op ŉ bepaalde plek die sigbaarmaking van Christus se kerk is. Dit is tydens die samekoms van God se uitgeroeptes as huisgenote van die geloof en nie bloot ŉ normale huisgesin nie, waar daar van een brood en uit een beker geëet en gedrink word.

Op 8 April 2020 het die ouderlingeraad onder wie se toesig ek staan (AP Kerk Grootfontein-RSA) die volgende besluit geneem en ek dink alle ouderlingerade kan daarvan kennis neem.

Besluit:
Daar sal geen virtuele nagmaalbediening in AP Kerk Grootfontein (RSA) wees nie, aangesien dit nie strook met die wesenlike aard daarvan soos deur die Skrif uiteengesit nie. Die Skriftuurlike en belydenisgronde vir die besluit, is soos volg:

1. Nagmaal is ’n gemeenskapsmaaltyd wat gevier word wanneer gelowiges as gemeente saamkom (vgl. 1 Kor. 11:17,18 en 33). Op dieselfde wyse was die Here Jesus en sy dissipels ook byeen toe Hy die nagmaal ingestel het (vgl. Mt. 26:20). Hierdie gemeenskapskarakter word nie deur die virtuele bediening van die nagmaal eerbiedig nie. Selfs al sou daar ’n “virtuele samekoms” deur middel van ’n elektroniese platform kon wees, sluit dit sekere lidmate in die gemeente uit wat nie toegang daartoe het nie en oortree ons juis die opdrag om tydens die nagmaal vir mekaar te wag (1 Kor. 11:33). Verder bevestig N.Gb. art. 35 ook dat die heilige Sakrament op die vergadering van die volk van God met ootmoedigheid en eerbied onderhou moet word. Dit word ook deur die kerkorde van die AP kerke bevestig dat nagmaal slegs tydens ’n “openbare erediens” bedien word (Kerkorde 2018, art. 42). Ons bedien dus nie die sakrament tydens privaat geleenthede soos begrafnisse of troues nie.

2. Die Skrif tref in 1 Korinthiërs 11 ook ’n duidelike onderskeid tussen “eet by die huis” en om die sakrament as gemeente wat saamkom, te vier (vgl. 1 Kor. 11:20-22). Die twee word juis teenoor mekaar gestel aangesien ’n tuisnagmaal juis die gemeente “verag” en die “beskaamd wat nie het nie” (m.a.w. wat nie die voorreg het om deur middel van tegnologie aan die sakrament deel te neem nie).

3. Sakramentsbediening staan onder leiding van die ampte en behoort deur 'n geordende predikant behartig te word aangesien Paulus opmerk: So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God (1 Kor. 4:1). Hierdie beginsel word ook deur die kerkorde bevestig (Kerkorde 2018, art. 43.2).

4. Sakramentsbediening staan ook onder toesig van die ouderlingeraad. Hierdie toesig sal nie na behore tot sy reg kom tydens 'n virtuele nagmaalbediening nie (vgl. Kerkorde 2018, art. 43, bep. 43C).

5. Verder is dit ook insiggewend om daarop te let dat Israel gedurende hul ballingskap, nie die Pasga gevier het nie. Hulle het eerder getreur oor die feit dat hulle nie in Jerusalem saam is om die fees as volk te vier nie. So behoort ons ook te treur oor die feit dat die omstandighede waarin ons tans verkeer, ons verhoed om deur die bediening van die sakrament van die heilige nagmaal, in ons geloof versterk te word.

6. Laastens is die sakramente altyd 'n uitvloeisel van die Woordverkondiging. Dit impliseer dat 'n nagmaaldiens nie belangriker as ander eredienste is nie. Die sakramente het geen magiese krag nie en dit verkondig nie 'n "beter" Christus as wat tydens die prediking aan ons verkondig word nie.

7. In die lig van punt 5, besluit die Ouderlingeraad voorts dat AP Kerk Grootfontein (RSA) tydens die eerste openbare erediens na die grendeltyd, nagmaal sal vier en dat die gemeente aangemoedig sal word om met verwagting daarna uit te sien. Ons dank die Here ook vir hierdie tyd van ontneming van die nagmaal aangesien dit ons as sy kinders met nog groter verwagting laat uitsien na die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Ek reken dat hierdie riglyne voldoende is om ouderlingerade te help om met verantwoording aan die Here besluite te neem wat waarlik tot eer van die Here sal strek.

*Vriendelike groete*

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023